



Info Forum

Nuusbrief van die Potchefstroomkampus-Biblioteke



IN DIE UITGAWE:

Bladsy

- 1 - Groepstudie-ruimte
- 2 - 24/7 lokaal
- 2 - Ingangsportaal
- 3 - Gewildste databasisse
- 3 - Boekuitstalling
- 4 - Ons gee om
- 5 - Personeel
- 5 - Promosa-skoolbiblioteek
- 6 - Nuwe databasisse
- 6 - Bib-in-Sak
- 7 - Lugversorging OWB
- 7 - Opleidingslokale

Nuwe groepstudie-ruimte

Die tydskrifleessaal op die tweede vloer van die Biblioteek het die afgelope twee maande 'n metamorfose ondergaan. Dit is omskep in 'n ruimte bevorderlik vir groepstudie. Buiten die nuwe ronde tafels en bankies wat reeds baie gewild is, is vier seminaarlokale en twee voordraglokale ingerig. Al ses lokale beskik oor 'n eie witbord en die twee voordraglokale het plasmaskerms. Soos in die res van die lokaal, is kragpunte ook in die seminaar- en voordraglokale beskikbaar vir die gebruik van skootrekenaars. Besprekings kan gedoen word op die Biblioteekwebblad onder [lokaalbesprekings](#) en die sleutels kan afgehaal word by Leendienste.



24/7-lokaal

Die Ferdinand Postma-Biblioteek het 'n 24/7-studielokaal ingerig. Hierdie lokaal is aan die oostekant van die derde vloer van die E7-gebou geleë. Dit is op dieselfde vloer as die lesinglokale.

Die lokaal is wat sy naam sê. Dit is 24 uur op 'n dag vir 7 dae 'n week toeganklik vir studente wat die behoefte het om ook na-ure te studeer.

Toegang tot die lokaal word na-ure deur middel van kaartlesers by die twee ingange aan die ooste- en suidekant van die gebou hanteer. Daar is 40 sitplekke in die lokaal.


Vir enige verdere navrae kan die Biblioteek gekontak word by 018 299 2802.



Ingangsportaal




As deel van die rigtingwyserprojek is 'n inligtingspilaar by die ingang na die biblioteek ingerig. Inligting rakende biblioteekdienste, kampus- en takbiblioteke asook vakke met die ooreenstemmende raknommers word hier aangedui. 'n Groot plasmaskerm is geïnstalleer waar inligting, nuus en sportprogramme (DSTV) op 'n lopende basis vertoon word. 'n Nuwe plakkaatbord is oorkant die inligtingspilaar aangebring waarop SR-goedgekeurde plakkaate geplaas kan word.



Ons gewildste databasisse

Die Biblioteek probeer doelbewus om op databasisse in te teken wat koppeling na die elektroniese voltekst-artikels verskaf. Hierdie wetenskaplike artikels is 'n goeie teenvoeter vir die algemene inligting wat gebruikers so graag op die Internet met behulp van soekenjins soos Google verkry.

Daar vind in 2008/2009 'n redelike groei plaas in die hoeveelheid soektogte, maar 'n afname in 2009/2010. Dit kan toegeskryf word aan die toenemende integrasie van "kleiner" databasisse in groter aggregeer-databasisse.




Boekuitstalling

Die Biblioteek het vroeg in September 'n baie geslaagde boekuitstalling in die Galery aangebied.

Ses boekhandelaars (Knowledge Resources, Complete Bookshop, Vugabooks, Logan's Bookshop, Van Schaik/Wiley/Pearson en Red Pepper) van sover as Durban het die nuutste boeke oor 'n verskeidenheid vakgebiede uitgestal.

Die Biblioteek het 968 boeke aangekoop, wat 'n welkome toevoeging tot ons bestaande versameling is.


'n Lys van nuwe aanwinste kan hier gekry word: http://www.nwu.ac.za/library/new_acquisitions_a.html



Ons gee om

Ons leef in 'n land en wêreld waar ons daaglik onder die indruk kom van die swaarkry van mense. Daarom probeer die Biblioteek jaarliks om op 'n beskeie skaal te help deur dit effens makliker te maak om te oorleef en 'n bietjie vreugde te bring. Verlede jaar het ons aan die kleuters van Mama Dorah boekies en CD's gegee. Hierdie jaar het ons besluit om iets te doen vir die Thakaneng-skooling. Thakaneng is 'n skooling waar daar omgesien word na die sogenaamde straatkind - dikwels verwerpte en hawelose kinders. Die gedagte van ontferming oor die hulpelose en "stemlose" word duidelik uit die missie van Thakaneng nl. "intervention work with children at risk and their families/communities: enabling them to begin the walk towards becoming responsible, meaningful citizens by means of an intercepting and transitional program".

Na 'n gesprek en 'n besoek aan Thakaneng is daar besluit dat daar 'n behoefte is aan boeke wat inligting het wat gebruik kan word vir skooltake. (Ja, van die kinders word ooreed om skool toe te gaan en daar is suksesverhale!) Ons het pragtige kleurvolle boeke vol inligting by boekwinkels gaan uitsoek en het die boeke op 'n koelerige herfsoggend in Mei aan Thakaneng oorhandig. Me Corrie Engelbrecht, personeel van Thakaneng en enkele van die kinders het die geskenk met dankbaarheid en vreugde ontvang. Ons hoop dat die boeke die pad vir hierdie kinders minder steil maak en ook vreugde bring in 'n lewe waar daar nie veel plek is vir kinderlike opgewondenheid nie. Die vreugde en dankbaarheid word duidelik gesien in die talle kostelike en kleurvolle briefies wat op 'n dag hier by die Biblioteek afgelewer is.



Nuwe personeel



Helet Swanepoel
Sekretaresse



Rinie Viljoen
Departement
Aanskaf
(Tydelike
aanstelling)

Personeel aktiwiteite



Op grond van haar deelname aan Carnegie Library Leadership Academy by die Centre for African Library Leadership in 2009, is Erika Rood gekies om op te tree as assistent vir Ellen Tise, die huidige president van IFLA (International Federation of Library Associations). Sy het toe die geleentheid gehad om die IFLA konferensie in Swede gedurende Augustus 2010 by te woon. Erika is ook genomineer as Librarian of the Year vir die Noordwes-provinsie. Baie geluk met hierdie nominasie Erika, ons is trots op jou!

Hulp met opgradering van Promosa skoolbiblioteek

Aan die begin van hulle vorige termyn het SJGD die behoefte aan die opgradering van die Promosa Laerskool-biblioteek geïdentifiseer. Tamara, die 2009-projekleier van die Promosa Laerskool-projek, het die biblioteeklokaal toe mooi ingerig, maar daar was nog heelwat tekortkomings. Die 2010-projekleier, Karlien van der Walt, het besluit om in hulle termyn daarop voort te bou.

Die skool het 'n groot aantal boeke as geskenke en deur middel van borge ontvang, maar by gebrek aan rakke was die boeke steeds onbruikbaar deurmekaar. Hulle het toe dadelik begin om die boeke volgens die Dewey Desimale Stelsel te klassifiseer en te orden.

Me Van der Walt het die Ferdinand Postma-Biblioteek genader om te verneem of ons nie dalk rakke het om aan hulle te skenk of vir 'n minimale bedrag aan hulle te voorsien nie. Aangesien die Biblioteek op daardie stadium besig was met die ontruiming van al die rakke in die ou tydskrifleessaal (vir die inrig van die groepsruimte en groepstudieslokale), was dit die ideale geleentheid om van die rakke aan die SJGD te skenk. Hulle was dankbaar vir die skenking, aangesien dit die afhandeling van hulle projek moontlik gemaak het.

Met hierdie rakke kon hulle die biblioteek netjies inrig sodat die leerders nou werklik die vrugte van 'n goeie skoolbiblioteek kan pluk en die fasiliteit kan geniet. Onnodig om te sê hoeveel vreugde dit vir die SJGD-span gebring het om die stralende gesiggies van die kinders te sien toe hulle hulle "nuwe" biblioteek binnegestap het!



Nuwe databasisse

Die Biblioteek het onlangs toegang verkry tot die volgende databasisse:

LinkSource

Daar is besluit om op LinkSource in te teken aangesien hierdie produk gebruikers in staat stel om vanaf GoogleScholar en ander 'abstract'-data basisse soos Web of Science en Scopus na die elektroniese tydskrifte waarop die biblioteek ingeteken is, te koppel. Dit behoort daartoe by te dra dat die elektroniese intekeninge beter benut word deurdat gebruikers gelei word na die volteks.

SOCIndex with Full Text

SocINDEX is 'n omvattende en verteenwoordigende databasis vir navorsing in Sosiologie en Sosiale Wetenskappe in die algemeen. Die volteks van meer as 820 tydskrifte word verskaf met sommige tydskrifte terugwerkend tot 1908. Die inhoud van meer as 830 boeke en monografieë word ook weergegee. Die databasis is nie net nuttig vir Sosiologie nie, maar ook vir Politieke Wetenskappe, Antropologie, Kommunikasiestudies, Maatskaplike Werk, Psigologie, Ekonomiese Wetenskappe, Praktiese Teologie, Tale en Letterkunde.

Art & Architecture Complete

Hierdie **databasis** is grootliks gerig op gebruikers in die Kunste, Ontwerp en Kunsgeskiedenis. Hierdie is 'n omvattende databasis wat van meer as 330 tydskrifte en 215 boeke volteks verskaf en ook bibliografiese dekking gee van 'n verdere 730 tydskrifte. Die 'Image Collection' met meer as 64,000 afbeeldings wat verskaf word deur Picture Desk, is ook beskikbaar op hierdie databasis.

African Writers Series

Vir die afgelope 40 jaar word die **belangrikste tekste** in moderne Afrika Letterkunde deur Heinemann gepubliseer. Dit is uniek binne die geskiedenis van postkoloniale letterkunde. Die Heinemann-versameling is aanvanklik uitgegee as 'n reeks boeke, en om dit te bewaar het ProQuest dit elektronies beskikbaar gestel. Fiksie, poësie en drama van onder andere Chinua Achebe, Ama Ata Aidoo, Steve Biko, Buchi Emecheta, Nadine Gordimer, Bessie Head, Doris Lessing en Nelson Mandela word beskikbaar gestel.

Quantec

Daar is besluit om in te teken op **Quantec databasis**, grootliks van nut vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Hierdie is 'n Suid-Afrikaanse databasis wat fokus op die bemaking, verspreiding en ondersteuning van ekonomiese en finansiële data. Deur samewerking met die Economist Intelligence Unit, word konstante analise en vooruitskatting van meer as 200 lande en 8 industrieë gegee wat bestuurders en uitvoerende amptenare kan ondersteun om ingeligte besluite te neem.

Bib-in-Sak

Die NWU Biblioteek in jou hand- of liewer binne-in jou sak - altyd saam met jou? 'n Grappie? Nee, 'n werklikheid, ja – jou persoonlike draagbare biblioteek op jou eie selfoon.

Beter dienslewering en die beskikbaarheid van inligting enige plek en enige tyd is maar enkele van die doelwitte van die Biblioteek en wys dat ons die behoeftes van ons gebruikers altyd voorop stel. Virtuele mure word afgebreek en verskeie dienste word nou uitgebrei tot binne-in jou hand, wáár jy ook al mag wees.




Gebruik hierdie QR-kode (neem foto deur **Quick-Reference sagteware** op jou selfoon) en verkry vinnige toegang tot die Biblioteek, of gebruik die

volgende adres op jou selfoon se blaaier: <http://www.nwu.ac.za/library/mobi>.

Watter dienste word aangebied? Al is jy ver van 'n rekenaar of lê dalk lekker iewers langs die see kan jy:

- toegang verkry tot van ons gewildste aanlyn databasisse soos ScienceDirect, Scopus, EBSCOHost en nog vele meer;
- die katalogus deursoek, boeke bespreek of hernu onder "My patron record";
- eksamen vraestelle of elektroniese gereserveerde materiaal besigtig of aflaai;
- vasstel wat die biblioteek-ure van die drie kampus biblioteke en takbiblioteke is;
- kontakbesonderhede vind of 'n persoonlike navraag rig met die druk van 'n knoppie;
- e-boeke aflaai en lees op jou selfoon (kyk gerus, daar is al heelwat gratis beskikbaar!).

Meer en meer inligting en databasisse sal van tyd tot tyd selfoon-vriendelik aangebied word. Hou hierdie ruimte dop vir nuwe ontwikkelinge of laat weet ons wat u nog graag hierop sou wou sien. (Corrie.Breitenbach@nwu.ac.za of Elize.vanEldik@nwu.ac.za of Louw.Venter@nwu.ac.za)



Lugversorging in die Opvoedingswetenskappe-Biblioteek (C6)



Die **Opvoedingswetenskappe-Biblioteek** is in die gelukkige posisie dat ons vanaf April 2010 oor 18 eenhede lugversorging beskik wat die lewe vir sowel die biblioteek-personeel as die hardwerkende studente baie aangenaam, en moet ek sê, nog meer produktief maak. Dit is nou winter en somer 'n heerlike 22 grade in die Biblioteek en volgens kenners is dit die temperatuur waarop studente optimaal funksioneer.

Dit is met groot vreugde dat ons kan dankie sê aan dr Larney, mnr Bobo van der Westhuizen en almal van Tegniese Dienste en Fisiese Infrastruktuur en Beplanning wat aan die projek meegewerk het. Dit word baie en opreg waardeer.

Ester Venter

Opleidingslokale

Die Biblioteek stel twee opleidingslokale, nl. *Besembos* en *Tarentaal*, beskikbaar vir gebruik deur personeel en studente. Kontak gerus vir Ria Adelaar by 018 299 2802 indien u dit wil bespreek.

Tarentaal



Besembos



Artikels saamgestel deur: Carine Basson, Corrie Breitenbach, Ester Venter, Henriëtte Groenewald, Hester Spoelstra,

Jubrie Oosthuizen, Louise Vos en Suzette Coetzee

Redakteur: Elize van Eldik · E-pos: Elize.VanEldik@nwu.ac.za · Tel: 018 299 2812

InfoForum is op die web beskikbaar by http://www.nwu.ac.za/library/newsletter/potch/index_a.html